
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons




FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411



nou hierdie bergland... (Jos. 14:12)

Die vyand sal sy bes probeer om jou teë te gaan – dis daar waar die stryd die hewigste sal wees!

Josua 14:6 –15: Toe het die kinders van Juda nader gekom na Josua in Gilgal, en Kaleb, die seun van Jefunne, die Kenissiet, het vir hom gesê: U weet die woord wat die Here met Moses, die man van God in Kades-Barnéa gespreek het met betrekking tot my en met betrekking tot u.

Veertig jaar was ek oud toe Moses, die kneg van die Here, my uitgestuur het van Kades-Barnéa af om die land te verken, en ek het hom berig gebring soos dit in my hart was;

Maar my broers wat saam met my opgetrek het, het die hart van die volk laat versmelt, terwyl ek volgehou het om die Here my God te volg.

En die dag het Moses gesweer en gesê: Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan jou en aan jou kinders in ewigheid as 'n erfdeel behoort, omdat jy volgehou het om die Here my God te volg.

En nou, kyk, die Here het my laat lewe, soos Hy gespreek het, nou al vyf-en-veertig jaar sedert die Here hierdie woord met Moses gespreek het toe Israel in die woestyn getrek het; en kyk nou, ek is vandag vyf-en-tagtig jaar oud;

Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.

Gee my dan nou hierdie bergland waarvan die Here daardie dag gespreek het; want u self het die dag gehoor dat daar Enakiete is en groot versterkte stede, miskien sal die Here met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos die Here gespreek het.

Toe het Josua hom geseën en aan Kaleb, die seun van Jefunne, Hebron as erfdeel gegee.

Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kaleb, die seun van Jefunne, die Kenisiet, tot vandag toe, omdat hy volgehou het om die Here, die God van Israel, te volg.

En die naam van Hebron was tevore stad van Arba; hy was die grootste man onder die Enakiete. En die land het gerus van oorlog.

Die Bybelgeskiedenis waarvan die voorafgaande deel vorm, gaan oor die Israeliete se aankoms in Kanaan, nadat hulle 40 jaar in die woestyn rondgeswerf het. Hulle is besig om die Beloofde Land in besit te neem en die Kananiete te verdryf. Ons tref hier vir Kaleb aan, 'n 85-jarige man met 'n begeerte in sy hart om DIT IN BESIT TE NEEM WAT REGMATIG AAN HOM BEHOORT.

Vir ongeveer 5 jaar het Israel in Kanaan veldtogte onderneem om die landstreek te oorweldig, en die tyd het aangebreek om hierdie Land van Belofte en Erfenis te verdeel onder die verskillende stamme, gesinshoofde en families, totdat elke persoon die stuk land het wat Moses reeds afgemerk het, etlike jare tevore.

Ons onthou vir Kaleb as een van die 12 verspieders wat ongeveer 45 jaar gelede die land Kanaan gaan verspied het vir die volk van Israel, en dat dit slegs hy en Josua was wat met 'n positiewe, moedige verslag teruggekom het oor wat hulle daar aangetref het. Die ander 10 verspieders was vol vrees en twyfel en het vertel van die "onoorwinlike REUSE" wat in die land gewoon het. Toe was Kaleb 40 jaar oud – nou is hy 85 jaar oud, maar hy is nog vasbeslote om te neem wat Moses destyds aan hom belowe het, en hy sê die volgende:

"… die Here het my laat lewe, soos Hy gespreek het, nou al vyf-en-veertig jaar sedert die Here hierdie woord met Moses gespreek het toe Israel in die woestyn getrek het, en kyk nou, ek is vandag 85 jaar oud;

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Gee my dan nou...)

Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het … GEE MY DAN NOU HIERDIE BERGLAND waarvan die Here daardie dag gespreek het …"

Hoe kan JY die BERG wat daar in jou lewe is inneem? Kom ons gebruik Kaleb vandag as voobeeld en sien watter plan die Here ook vir my en JOU lewens het om te oorwin. Ons is al geleer hoe om die BERG te skuif deur die gelowige belydenis van ons mond, volgens Mark. 11:23:

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar GLO dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.

Maar ons gaan hierdie BERG nie probeer skuif nie, maar dit INNEEM, OORWELDIG, ons gaan die REUSE wat dit beset, verdryf. Dis wat Kaleb gedoen het, want dit was hierdie reuse, die seuns van Enak, wat soveel vrees in die Israeliete se harte gewek het. Die 10 verspieders van destyds het teruggekom met die volgende verslag:

Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning … Maar die volk wat in die land woon, is sterk … Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë (Num. 13).

Nou het Kaleb teruggekom na baie jare, en hy het die reuse verdryf en SY ERFENIS IN BESIT GENEEM. Dit lyk asof Kaleb dan ook die enigste een van al die stamme en families van Israel was wat daarin geslaag het om die reuse heeltemal te verdryf en sy erfenis ten volle in besit te neem. Dit lyk of die ander stamme gedeeltes van hulle erfenis in besit geneem het en party van die vyand verjaag het, maar andersins het hulle maar so saam-saam gewoon. As voorbeeld, kyk na Jos. 15 : 63:

Maar die kinders van Juda kon die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, nie verdryf nie; daarom het die Jebusiete saam met die kinders van Juda in Jerusalem bly woon tot vandag toe.

Kyk ook na Jos. 16:10, Jos. 17:12 en Jos. 18:3. Die Israeliete het saam met die Kananiete gewoon, maar hulle moes belasting betaal aan die Israeliete. Kaleb het egter die vesting van die vyand NEERGEWERP en sy erfenis IN BESIT GENEEM, en dis presies wat die Here verlang dat ek en JY moet doen. As Kaleb dit kon regkry, waarom nie JY nie?!

Let op watter soort landstreek Kaleb gekies het om in besit te neem – dit was nie 'n *maklik*e stuk land om in besit te neem nie! Ons lees dat hy Hebron wou gehad het: die BERGLAND! Toe hy 40 jaar oud was en hy saam met die verspieders Kanaan binnegedring het, het hy die bergland met die reuse inwoners gesien, en dit het sy hart gesteel. Hierdie bergland van Hebron was die sterkste vesting wat die reuse destyds gehad het. Vir Israel was dit ook 'n besondere betekenisvolle plek, want dit was hier waar Vader Abraham sy tent opgeslaan het en die beloftes van God oor die land Kanaan ontvang het. Die Here het aan Abraham daardie land belowe – sover as sy oog kon sien. By Hebron het Abraham sy tent opgeslaan, 'n altaar gebou en God aanbid. Dit was 'n plek waar God Abraham ontmoet het en met hom 'n verbond gesluit het vir die volk van Israel: daar het God en Abraham saam verkeer. Maar die vyand het Israel daar weggehou, net soos die vyand sal probeer om JOU weg te hou van jou erfenis, van jou gemeenskap met die Here. Die vyand sal sy bes probeer om jou teë te gaan – dis daar waar die stryd die hewigste sal wees!

Dit mag miskien juis ook JOU berg wees: daardie plek van volgehoue gemeenskap met God – die hoë plekke. In Kanaan was dit net só: die vyand het van die vlaktes prys gegee, en van die valleie, maar nie die berge nie, nie die hoë plekke nie. So kry 'n mens oor baie areas in jou lewe oorwinning: jy verdryf Satan en sy trawante en jou kleiner probleme is opgelos. Maar wat van daardie GROOT SAKE – die berge? Dis van hulle wat ons praat: hulle moet IN BESIT GENEEM WORD – die vyand moet daaruit verdryf word.

Miskien is die BERG in JOU lewe wat jy in besit moet neem, die BERG VAN GENESING EN GESONDHEID. Jy is al vir baie jare siek en dit het tyd geword dat jy daardie berg *in neem!* Vandag staan daardie berg van genesing steeds voor jou soos 'n GROOT UITDAGING – en dis presies wat dit is: 'n uitdaging vir JOU GELOOF! Jy ken die beloftes van God, jy weet wat die Woord van God sê, maar om een of ander rede het dit nog nooit vir jou 'n werklikheid in jou lewe geword nie.

Miskien is JOU BERG die een VAN VOORSPOED. Jy is al jare 'n gevangene van finansiële probleme en daarom is dit nodig dat jy daardie berg in besit neem. Miskien het JY 'n BERG VAN VREDE:

Net só het God gesondheid, genesing, voorspoed, vreugde en moedigheid aan jou belowe, daarom BEHOORT DIT AAN JOU!

Só het elkeen 'n ander BERG – 'n probleem op 'n ander gebied en net soos die BERG HEBRON voor Kaleb gelê het, só lê jou berg voor jou. Maar, Moses het Hebron aan Kaleb belowe, daarom HET DIT AAN HOM BEHOORT! Net só het God gesondheid, genesing, voorspoed, vreugde en moedigheid aan jou belowe, daarom BEHOORT DIT AAN JOU! Al hierdie dinge is in God se Woord aan jou belowe, daarom is hulle jou

(Vervolg op Bl. 4)

Islam—challenge to Christians

"Islam is a religion in which Allah requires you to send your son to die for him. Christianity is a faith in which God sent His Son to die for you."

One of the biggest lies of the devil is that "it does not matter what god you serve, we all serve the same god, but just with a different name." In other words, they believe that the god of the Buddhists, Hindus, Muslims, Christians etc. are all the same "god" of creation, each religion just calls him by a different name. I want you to know that this is a lie from the pit of hell. Christians worship the God of Abraham, Isaac and Jacob, who sent His Son Jesus to die for mankind so that all who believe upon Him and are obedient to His Word and doers, not only hearers, can be saved and spend eternity in Heaven.

It is amazing how many people, even Christians have been conned into thinking that Allah is just another name for the God of the Bible. This is definitely not so.

An article from Christian Research Journal incorrectly states: "Allah is the God Arab-speaking Christians worship. The Arabic Bible is replete with the word Allah, beginning with Genesis and ending with Revelation. Jesus Christ is even called the son of Allah in the Arabic Scriptures…. Allah is simply the word or term for God… No other term exists in Arabic for the God Christians claim to be the one, true God… Allah is equivalent to the English God, the French Dieu, or the Spanish Dios…We can join our Arab brothers and sisters in Christ who often say, 'Allah be praised! "To the contrary, Allah is the name of a well-known pagan deity – not the generic term for the English God, the French Dieu, or the Spanish Dios, as CRI claims. The generic word is Ilah – and it is used for God throughout the Qur'an. For example: "Allah! There is no God (Ilah) save him…Allah is only one God (Ilah)" (2:255; 4:171, etc). This is also clear from the declaration, "There is no God (Ilah) but Allah, and Muhammad is his messenger."

Allah is a contraction of Al-Ilah, meaning the chief god. Allah was the chief god in the Ka'aba, a pagan temple that held more than 300 idols.

Of Allah the Qur'an says, "Far is it removed from his transcendent majesty that he should have a son" (Sur 4:171). Then it is blasphemy to a Muslim as well as to a Christian for the Arabic Bible to call Jesus "the Son of Allah"! It is tragic that CRI would promote this delusion.

Allah was the Moon god who, by his spouse the sun goddess, had three daughters: Al-Lat, Uzza, and Manat. The crescent moon still marks the beginning and end of the "holy month, Ramadan," as it did centuries before Muhammad. Its presence on minarets and Arab flags is one more piece of evidence marking Islam as a continuation of long-established Arab paganism. Muhammad carried the rituals associated with the Ka'aba and Ramadan over into Islam almost exactly as pagan Arabs had practised them for centuries.

Muhammad's tribe, the Qur'aish of Mecca, were guardians of the Ka'aba (the big black stone structure). They collected the fees charged to those of other tribes who came there to worship their gods, and were known as "the people of Allah" before Muhammad was born. Meccah was on a important trade route.

Through Muhammad smashed the idols, including the one representing Allah, he kept the ka'aba and its chief god, Allah, for the followers of his new religion, Islam, to continue to worship. In fact, for sometime pagans devoted to Allah mingled with Muslims on the pilgrimage (*hajj*) to Mecca and the Ka'aba. Finally, Muhammad issued an ultimatum: no non-Muslims allowed at the Ka'aba, and he gave them four months in which to become a Muslim or die. To this day, participation in the pre Islamic rituals involving the Ka'aba is the highpoint of the *hajj*, which Muslims must perform at least once in a lifetime. T.B.C. The Moslem's claim Jerusalem as their third holiest city, yet Jerusalem is not mentioned once in their Quran.

Because of the ignorance that exists concerning the religion of Islam, (especially amongst Christians) I want to encourage our readers to acquire the following videos and book which I strongly recommend, and which will equip us with the necessary information needed to answer any questions pertaining to this subject, with authority, understanding and knowledge.

VIDEOS:

1. **Islam – CHALLENGE to CHRISTIANS by David Pawson.** David addresses one of the most relevant topics in this series of "Islam – Challenge to Christians." He covers a broad spectrum in the six sessions, produced on two videos. He answers questions such as: Why is Islam the fastest growing religion? What is the appeal to men and women? What are the fundamental differences between them? Why must one of them be wrong? Can Christians prevent Islam from spreading? What is the Christian response to the challenge? Does Jesus or Mohammed have the last word? Is Allah and our God one and the same? Phone fax or email your order to: 086-1101663, P O Box 6226, Meyersdal, 1447, marketplace@tiscali.co.za

2. **ISRAEL ISLAM AND ARMAGEDDON**, The final Battle for Jerusalem by Dave Hunt, available from Kerugma, 021-9031901, Fax. 021-9062637, e-mail info@kerugma.org.za

BOOK:

1. **THE ISLAMIC INVASION**, Confronting the World's Fastest Growing Religion, by Robert Morey, Publisher Harvest House, ISBN 0-89081-983-1, obtainable from any Christian Bookshop.

Please note that these videos and books are not available from the Stanger Christian Centre, but from the addresses we have mentioned above.

We must at all times remember to pray for the Muslim people for salvation, just as we do for all who do not know Jesus as Saviour and Lord. We must guard our hearts against any bitterness and unforgiveness, and remember that Paul tells us in Ephesians 6:12: **For we do not wrestle against flesh and blood, but against principalities, against powers, against the rulers of the darkness of this age, against spiritual hosts of wickedness in the heavenly places.** Jesus paid a costly price that everyone might be saved, and this includes the Muslims. C

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Gee my dan nou....)

regmatige erfenis! En soos 'n Kaleb van ouds, het die tyd aangebreek om IN TE GAAN en VASBESLOTE die vyand te verdryf, en DIE BERG IN BESIT TE NEEM.

Let daarop dat Kaleb 'n BAIE STERK BEGEERTE gehad het vir die berg Hebron. Hy het dit gesien en begeer vir 45 jaar lank. Vir 40 jaar moes hy saam met die Israeliete in die woestyn rondswerf, maar daardie berg was steeds 'n STERK BEGEERTE in sy hart en in sy gedagtes: hy het NOOIT hierdie begeerte, dwarsdeur die 45 jaar, prysgegee nie! Ek weet egter dat hierdie juis een van die redes is waarom baie van God se kinders nie die beloftes van God in besit neem nie; waarom dit nie vir hulle 'n lewende werklikheid in hulle lewens word nie. Dis omdat hulle dikwels NIE 'n INTENSE BEGEERTE HET NIE. O ja, hulle dra kennis daarvan: jy het al lysies van God se beloftes gemaak en dit van buite geleer, want jy weet dit is jou erfenis. Maar is daar 'n INTENSE BEGEERTE by jou daarna? Is daar by jou 'n INTENSE VASBESLOTENHEID wat sê: "Ek weet dit staan in God se Woord; ek weet dit behoort aan my en ek wil dit hê en ek gaan nie opgee voordat ek dit BESIT nie!"

Passiwiteit het 'n sterk houvas op menige van God se kinders, selfs in die kerk: as dit wat jy wil hê nie amper soort van NOU gebeur nie, gee jy moed op! "Dalk is dit nou net nie my deel nie. Miskien werk God maar iets anders uit in my lewe" – só redeneer ons dikwels. NEE! Kind van God: as dit in die Woord geskrywe staan, BEHOORT DIT AAN JOU, maar JY MOET DIT BEGEER!

Mat. 11:12: **Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat HULLE KRAGTIG INSPAN, kry dit in besit** (Nuwe Afr. Bybel-vertaling 1983).

And from the days of John the Baptist until the present time the kindom of heaven has endured violent assault, and violent men seize it by force (as a precious prize) – a share in the heavenly kingdom is SOUGHT FOR WITH MOST ARDENT ZEAL AND INTENSE EXERTION. **(Amplified Bible)**

Wie, volgens die voorafgemelde tekse, kry die hemelse koninkryk – die beloftes van God – in besit? Diegene wat hulle KRAGTIG INSPAN, MET INTENSE BEGEERTE BEYWER: Dis 'n gesindheid van "EK SAL NOOIT OPGEE NIE"! Dit maak nie saak hoe lank dit neem nie – al neem dit selfs 45 jaar – dit staan in die Woord van God en daarom BEHOORT DIT AAN MY!

Hoe dikwels kom mense nie na ons toe met die versoek dat ons vir hulle moet hande oplê en bid om iets te ontvang. As daar nie dadelik plaasvind wat hulle verlang het nie, gaan hulle baie ontmoedig weg. Maar as hulle kom met daardie STERK BEGEERTE, het hulle ontvang dit waarvoor hulle gevra het – miskien toe, miskien later, MAAR HULLE ONTVANG! Dis die wet van God se Woord! Baie keer het ons nie daardie INTENSE BEGEERTE nie. Nee, ons het 'n "plan A" en 'n "plan B", en nou maak ons soos volg:

Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat HULLE KRAGTIG INSPAN, kry dit in besit. (Mat. 11:12)

"Here, ek het R1000 dringend nodig" Dis ons behoefte. Ons bely ons geloof, herhaal al die Skrifbeloftes oor voorsiening, en kom al die formules na wat ons geleer het. Dis "plan A".

"Maar Here, U weet ek het daardie geld voor die einde van die maand nodig. As U dit nie vir my teen daardie tyd laat kry nie, kan ek darem nog van die oortrokkerekening fasiliteite by die bank gebruik maak." Dis "plan B."

Ek sien hier bitter min van 'n INTENSE BEGEERTE of 'n VOLHARDENDE VASBESLOTENHEID om die vyand te verdryf en die berg in besit te neem!

Nog 'n voorbeeld: "Ek sal maar gaan vir gebed vir hierdie aanhoudende pyn in my bene. Raak ek nie genees nie kan ek altyd dokter toe gaan." Plan A en plan B.

Daar is niks verkeerd met 'n besoek aan die dokter nie, maar daar is geen INTENSE BEGEERTE OF DESPERAATHEID in ons harte as ons kom om van God die waarmaking van Sy Beloftes te ontvang nie. Kaleb het daardie BEGEERTE gehad, daarom kon hy die berg in besit neem. Sy gesindheid was: Al moet ek 45 jaar wag, ek gaan Hebron kry!

Kaleb het 'n onwankelbare geloof in die beloftes van God gehad. Hy het geweet Kanaan was aan die Israeliete belowe en berg Hebron aan hom. Hy was van die begin af nie soos die 10 verspieders wat met sulke ontmoedigende verslae na Moses toe gekom het nie "Daar is volop, MAAR daars reuse …" Woorde soos *maar, miskien, as, nieteenstaande* – is só volop in baie mense se woordeskat. "Ek weet God se beloftes sluit genesing in, *maar as* …" Toe Josua en Kaleb teruggekom het van Kanaan af, het hulle die volk probeer aanmoedig om God te glo en te vertrou: hulle het NA GOD GEKYK. Josua en Kaleb het die berge en reuse as baie klein gesien in vergelyking met God, alhoewel hulle nie gesê het dat hulle nie bestaan het nie. Hulle maatstaf was God se krag, nie hulle eie nie. Hulle was gereed om op Hom te steun. Maar die 10 ander se maatstaf was hulle eie krag: hulle het 'n klein God gesien en groot reuse! Maar in vergelyking met God is alle reuse, en selfs berge, klein. Tenspyte van die volk se murmureringe en ongeloof het Kaleb se geloof onwrikbaar gebly in die Woord van God, wat aan hulle die land Kanaan en berg Hebron beloof het. Hy was ver in die minderheid, maar hy het die versoeking weerstaan om soos die massas te glo, wat in werklikheid ongeloof was.

Let op, almal was vol twyfel, verward. Hulle het seker onder mekaar gesê: "God het ons in die steek gelaat. Dis onmoontlik om die land in te neem." Josua en Kaleb het egter onwrikbaar vasgestaan. Laat ons na Kaleb se beloning uit God se Hand kyk, wat Kaleb se geloof geëer het:

(Vervolg op Bl. 6)

uit ons possak

Voordat ek met hierdie brief begin, wil ek ons Hemelse Vader loof en prys en dank dat Hy in hierdie sondige wêreld mense soos u geplaas het om siele te werf vir die Koninkryk van God.

Ek en my vrou Sharon, en twee seuns, Jandrè en Callie, my Pa en Ma was by u genesings diens op die 5de Maart 2004. Ek en Sharon het kom getuig hoe Jesus klein Callie aangeraak het en hom genees het van bloed kanker. Weereens wil ons sê "Prys die Here dat Hy gesterf het, sodat ons vry van siektes en teenspoed kan wees!!" Ons wil jubel en juig!!!

Baie dankie ook dat die Heilige Gees u gebruik het om ons te kan leer bid. Geen wonder dat ons gebede nie verhoor is in die verlede nie, want ons het verkeerd gebid.

Mnr en Mev H Willer, Middelburg

Met 'n dankbare hart skryf ek vandag, en ek wil van die geleentheid gebruik maak om van die wonderwerke wat in ons lewens plaasgevind het te getuig. My dogter, Bernice, was in 'n frats ongeluk deurdat haar nuwe motor haar vasgepen het tussen die venster van die meenthuis en die motor. 'n Persoon wat langs haar bly, het die motor kom wegtrek, sy het neergestort op die glasstukke van die venster. Haar hele kuit was rondom diep gesny, haar senings in die enkel was afgesny en bo-op die voet was baie diep gesny, die senuwee in die been sowel as die voet is afgesny. Ek het dadelik die Sentrum gebel en julle daar het dadelik begin bid. Sy is deur twee operasies. Penne en skroewe was bo en onder aan haar been. Die dokter het gesê sy sal nie weer haar voet kan gebruik nie, want die senuwee in haar been en voet is afgesny. Hierdie ongeluk het Augustus maand gebeur. Julle daar by die Sentrum het gereeld vir haar gebid. Die krukke het sy stelsel matig begin los, en toe begin staan. Die grootste wonderwerk is, sy het begin loop sonder die krukke. Sy dra 'n voetstut en ons glo dat die senuwee in haar been en voet ook gaan herstel, want ons God is 'n wonderwerkende God. Dit is nou die 4de maand en sy loop en bestuur haar motor. Ek wil vir Dr. James en die span baie dankie sê vir julle gereelde gebede vir haar. Ek wil God al die eer gee vir Sy genesende krag, want gebede bring genesing.

Mev J Niemand, Bloemfontein

U word hartlik gegroet in Jesus Naam. Baie, baie dankie dr. James vir u voorbidding vir my oor. Ek loof en prys ons Hemelse Vader, my oor is gesond, die pyn is weg. Ek kan nou snags slaap en die baie seer teen my kop en in my kaak is skoon weg. Baie dankie vir al die voorbidding wat u vir ons mense doen, en dan die wonderlike genade wat dan van ons Heer ontvang word. Dankie, baie dankie Hemelse Vader. Seën asseblief Dr. James en vul hom met u liefde en wysheid. Ons loof en prys U Vader!!

Mev E Nortjè, Melkhoutfontein

Dis nou 'n jaar gelede dat ek vir u gevra het om te bid vir my seun, Nico wat in 'n motorfiets ongeluk was. Baie dankie vir u gebede. Sy been was na 8 maande totaal aangegroei (die bo-been 2 breuke). Na 12 maande het hulle die pen uitgehaal wat eintlik 18 maande moes inbly! Prys ons Hemelse Vader. Hy is nou volkome herstel en doen sy werk elke dag (baie loop werk). Hierdie ongeluk en genesing het hom laat ervaar watter groot God in beheer is. Nogmaals dankie en die Here seën u wonderlike werk.

Mev E Breedt, Koekenaap

Ek skryf net om dankie te sê vir al die maande se gebede wat daar by u by die Sentrum vir ons in hierdie tyd opgegaan het, vir my skoonseun Hein van Dyk vir werk (7 maande se gebede). Die Here het gister ons almal se gebede verhoor en het hy vir 3 maande voorlopig 'n kontrak by Standard Bank gekry met die oog op 'n vaste aanstelling. (My skoonseun doen kontrak werk vir banke se kredietkaartdeling). Die salaris is baie groot, maar die risiko van 'n kontrak wat na 3 maande of so verval is net so groot. Wat baie wonderlik is, is dat toe hulle die salaris bespreek het, my skoonseun 'n bedrag voorgestel het wat laer is as wat hy normaalweg voor werk – want sê hy "ek moet 'n werk kry" – toe sê die persoon by die bank – "Nee, kom ons verhoog dit na soveel rand per uur". Heinrich sê: "Ma, toe is dit presies die bedrag waarvoor ek gewerk het en waarmee ek opgehou het sewe maande gelede". Hierdie is waarlik die deur wat die Here vir hom oopgemaak het en glo ek diè een sal nooit weer toegaan nie. Ons loof en prys Hom – Hy bly ewig in beheer en Sy tydsberekening was nog nooit uit gewees nie! Ek kan u nou besig hou met blaaie se getuienisse wat die afgelope maande met ons gebeur het rondom, die werkloosheid – maar ek gaan nie – Al wat ek wil sê is Elmarie my dogter sê: "Ma, hierdie sou die laaste maand gewees het, wat ons al ons finansiële verpligtinge sou kon behartig, van volgende maand af sou ons in die rooi gewees het!" En waarlik waar, is die Here weereens getrou soos nog altyd! My skoonseun wil nou graag tydens 'n oggenddiens sy getuienis in die kerk gee, om sodoende ander mense te bemoedig en bowenal om die Here te verhoog en te verheerlik. Nogmaals baie dankie vir u groot aandeel in hierdie saak. Die Here se seën vir u elkeen daar by die Sentrum. Liefdegroete.

Mev I Reyneke, Kenmare

Ek wil net dankie sê. Julle het nou die dag vir Juna se hondjie gebid en 'n wonderwerk het gebeur, haar niere het weer begin funksioneer. Ons is so dankbaar teenoor die Here vir julle voorbidding. Ons het net weereens Sy wonderwerke aanskou.

Mev R du Preez, Pretoria

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Gee my dan nou...)

Maar my kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy VOLHARD het om My te volg – hom sal ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem (Num 14:24).

Vir 45 jaar het hierdie GELOOF, VERTROUE EN BEGEERTE in Kaleb gebrand. Hy was nou 85 jaar oud, maar steeds het hy intens verlang en hy was nog opgewasse om die reuse en die berg aan te val en dit in besit te neem.

'n Baie belangrike eienskap wat Kaleb se geloof gehad het was GEDULD – L A N K M O E D I G H E I D – LYDSAAMHEID.

Julle moet jul geloofsvertroue dus nie prysgee nie: dit hou `n groot beloning in. VOLHARDING is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het (Heb:3:5 & 6).

Dis God se Krag wat oorwin – wat ons in staat stel om die berg in besit te neem. Dis God se Krag wat ons laat volhard om Sy beloftes in ons lewens te verwesenlik.

Onthou, wanneer jy God se belofte ontvang, is jy eintlik maar by die beginpunt: stap nr. 1. Nou kom die tyd van volharding wat 5 weke of 5 jaar kan wees – vir Kaleb was dit 45 jaar. In Heb. 10:36 sê God self dat ons VOLHARDING(lydsaamheid) nodig het om die beloftes te ontvang.

Let op Heb. 6:12: … **sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur GELOOF en LANKMOEDIGHEID erfgename van die belofte is.**

Geloof is nie lankmoedigheid (geduld en volharding) nie, en lankmoedigheid is nie geloof nie, maar ALBEI is nodig om God se beloftes te ontvang. Dis wat die Bybel sê!

Net soos Kaleb het Abraham ook hierdie kwaliteit van volharding gehad om geduld te beoefen, om die beloftes van God te ontvang. Abraham moes 25 jaar wag tot die belofte van 'n erfgenaam vir hom en Sara bewaarheid is. Daar was geen passiwiteit wat gesê het: "O wel, wat ookal moet gebeur, sal seker maar gebeur." Nee. Nee, daar was GELOOF en VOLHARDING.

EK vergelyk graag die Christelike lewe met 'n maratonwedloop – daar is nou vir jou volharding en VASBYT nodig! Dis seer voete en krampe en dors en hartkloppings, maar dis net die wat VOLHARD, wat die wenstreep haal en die medalje kry. Die Christelike lewe is beslis 'n *ontberingswedloop*.

Dis slegs sulke VASBERADENHEID soos wat 'n maratonhardloper het, wat jou 'n suksesvolle Christen gaan laat wees. Jou hele denkpatroon moet daarop gerig wees om die wenstreep te haal, afgesien van hoe lank dit neem.

Nog 'n kwaliteit wat Kaleb gehad het, was dat hy OP DIE HERE GEWAG HET. Hoe weet ons dit? Lees eers Jos. 14:11:

Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, só is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.

Dit was 'n man van 85 wat só gepraat het – hy het kans gesien vir die bergland en die reuse! Dis asof hy vir Josua gesê het: "Maat, moenie dat my ouderdom jou mislei nie. Ek is 'n jong man, soos toe ek 40 was, in my gees en in my liggaam! Gee nou vir my die bergland!" Kaleb het nie net na geestelike krag verwys nie, maar ook na fisiese krag – 'n wonderwerk moes beslis in Kaleb se liggaam gebeur het. Die belofte van God het beslis vir 45 jaar in sy hart GELEWE en hy het glad nie omgegee hoe oud hy was nie, want hy het geweet die tyd het nou aangebreek dat hy moes in gaan en die berg IN BESIT NEEM.

As Kaleb oorspronklik sy sin gehad het, sou hy sekerlik toe hy 40 jaar oud was, alreeds die berg en die vyand ingeneem het, maar hy is gekeer deur die straf wat op die hele Israel gelê was, waarvolgens hulle vir 40 jaar in die woestyn moes rondswerf.

Laat ons egter terugkeer na die aangrypende feit dat Kaleb op 85 jaar nog soveel krag gehad het soos op 40 jaar – wat was die geheim? Jes 40:30 en 31:

Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs,

Maar DIE WAT OP DIE HERE WAG, KRY NUWE KRAG; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

Kom ons lees hierdie teks in die Amplified Bible:

But those who wait for the Lord – shall CHANGE and renew their strength and power …(vers 31).

Kan jy die gedagte hier sien van CHANGE –OMRUIL?

Ou lewenskrag omruil vir jong lewenskrag!

Dis presies wat met Kaleb gebeur het, want hy was op 85 jaar só jonk soos 'n man van 40 jaar!

Hoe dikwels hoor ons die volgende woorde: "My probleem is só groot en my kragte só min. Ek is só swak." Maar jy probeer in jou eie krag jou probleem oorwin, in plaas daarvan dat jy JOU KRAG OMRUIL vir GOD SE KRAG. Dis God se Krag wat oorwin – wat ons in staat stel om die berg in besit te neem. Dis God se Krag wat ons laat volhard om Sy beloftes in ons lewens te verwesenlik.

Maar hoe het Kaleb hierdie NUWE KRAG gekry? Ons het dit gelees: HY HET OP DIE HERE GEWAG (Jes. 40:31). Vir 45 jaar was God se belofte in Kaleb se hart – sy begeerte na Hebron het gegroei, en KALEB HET OP GOD GEWAG. Ek glo dat in al daardie jare het hy daardie beloftes oordink, hulle geslaap, geëet en gedrink. Al die jare het hy op God gewag en in die proses sy krag omgeruil vir God se Krag! Jy sien, geestelike krag beïnvloed jou liggaam. Genesing kom van binne, van jou gees af. Die Bybel sê dat dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, ook ons sterflike liggame LEWEND sal maak! (Rom. 8:11)

Ons kan dus beslis aanneem dat fisiese krag verkry word, deur op God te wag. Dis wat Kaleb gedoen het vir 45 jaar – HOE LANK WAG JY OP DIE HERE? Wonder jy dus waarom jy op 'n

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Gee my dan nou)

vroeë leeftyd nie meer die krag het om langer God se beloftes te BEGEER en te VOLHARD nie!

Ons wil mos alles NOU hê! Ons lewe in die eeu van die knoppie: die koffie-masjien, die kaart by die bank, die rekenaar: ons wil net knoppies druk en alles gebeur *outomaties.* So word ons gemoed beïnvloed en ons wil nie meer tyd neem om TE WAG OP DIE HERE nie - ons het net nie tyd nie! Ons wil hê God moet deel word van ons outomatiese eeu, waar daar nie tyd is vir WAG nie. Onthou een belangrike feit; die vyand sal enige iets doen sodat die beloftes van God nie in jou lewe bewaarheid word nie. Hy sal die berg beset en vir jou die groot reuse wys en jy sal moedeloos raak en kyk na jou eie krag en nooit jou erfenis in besit neem nie! Kaleb het die geheim geken: hy het op God gewag en het NIKS hom van stryk laat bring nie. Jy sal fisiese krag nodig hê om JOU berg in besit te neem, en jy sal slegs jou krag kan omruil vir God se krag wat die reuse taak sal kan uitvoer, as JY OP HOM WAG.

Jes. 40 sê dat die wat op die Here wag *bonatuurlike* krag sal ontvang: hulle sal opvaar met vleuels soos die van arende, hulle sal hardloop en nie moeg word nie; hulle sal wandel en nie mat word nie. M.a.w. die krag om te oorwin sal daar wees. Het jy al ooit gelet op wat Heb. 11:11 sê van Sara, ou vader Abraham se vrou?

Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.

Sara was oor die honderd jaar oud toe sy bevrug geraak het en Isak gebaar het. Haar natuurlike liggaam was lankal nie meer in staat tot hierdie prosesse nie: sy het 'n wonderwerk nodig gehad! **Deur die geloof het Sara self ook KRAG ontvang om bevrug te raak….** Dink hoeveel fisiese krag het 'n vrou se liggaam nodig om 'n kind vir 9 maande te dra en te voed, en dan te baar! Sara kon dit net doen deur Goddelike energie, wat sy ontvang het deurdat *sy op die Here gewag het!* Vir ongeveer 25 jaar moes sy en Abraham WAG dat God se belofte van 'n erfgenaam sou manifesteer. Hulle het BEGEER, hulle het VOLHARD, hulle het GEWAG, en God het die wonderwerk laat gebeur!

As JY daardie wonderwerk wil belewe, daardie BERG wil inneem, daardie REUSE wil verdryf, sal JY op die Here moet wag: die kortpaaie is doodloopstrate!

Maar ek wil vir jou nog iets vertel van Kaleb. Dit staan in Jos. 14: 8:

. . . . terwyl ek VOLGEHOU het om die Here my God te volg.



Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.

. . . . yet, I WHOLLY followed the Lord my God (Amplified Bible).

Omdat hy die Here HEELTEMAL (Wholly) gevolg het, het Kaleb HEELTEMAL oorwinning gehad! M.a.w. Kaleb was geheel en al aan God toegewy en oorgegee. Hy was heeltemal toegewy aan God se beloftes. Die Engelse sê só raak: "Sold out for God!" Só was Kaleb! Hy het nie verdeelde begeertes of verdeelde doelstellings gehad nie. Ongelukkig is daar in ons tyd baie, baie Christene wat verdeelde harte het. Dawid het uitgeroep:

. . . . VERENIG my hart Here tot die vrees van U Naam (Ps. 86:11).

Hy het geweet dat hy nie die Here kan dien met 'n *verdeelde* hart nie. Tog loop ons rond met verdeelde harte: ons wil God en Sy beloftes hê, maar ook darem nog van die wêreld. Ons begeerte is na God, maar ook na mense en hulle wense, al is dit teenstrydig met God se Woord. Só was Kaleb nie. Hy was ONVERDEELD oor die dinge van die Here: Hy het blindelings GEGLO wat God belowe het en die Woord van die Here was nommer een in sy lewe: GEHOORSAAMHEID daaraan. Dis op diè plek waar JY sal moet kom as jy jou berg in besit wil neem!

Reeds in Num 13: 30 het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: **"Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig".**

Kaleb het God VOLKOME vertrou vir oorwinning. Sy Hart was ONVERDEELD op God, van die begin af. Daarom het God aan hom belowe:

My kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem (Num 14 : 24).

'n Belangrike aspek van Kaleb se ONVERDEELDE navolging van die Here, is dat hy dit ook laat blyk het DEUR DIE WOORDE VAN SY MOND.

As jy let op Num. 13:30, Num. 14:7, 8 en 9 en Jos. 14:6 tot 12 sal jy merk dat Kaleb elke keer dit gesê het wat God wou gehad het dat hy moes sê. Hy het deurgaans positief, opbouend en bemoedigend gepraat en só sy geloof bely wat oor die jare stand gehou het. Hy het nie vir een oomblik geweifel nie. Toe al die ander om hom begin twyfel het en negatiewe dinge kwyt geraak het, was Kaleb se woorde steeds in lyn met die Woord van God. Waarom? OMDAT SY HART ONVERDEELD TOEGEWY WAS AAN DIE WOORD VAN GOD. Hy het net bloot *geglo* wat God gesê het. Dis só eenvoudig, maar tog sukkel selfs Christene daarmee. Nou staan die saak só: óf wat God sê die waarheid is, óf dat Hy 'n leuenaar is. Of Hy bedoel wat Hy sê, óf Hy praat uit twee monde.

Deur Sy Wonde is ons genees: dis of die WAARHEID, óf dis LEUENS. Daar is nie 'n middelweg nie: dis nie soms waar en soms leuens nie! Ons moet by die plek van onwrikbare

(Vervolg op Bl. 8)

"Let op Kaleb. Alhoewel hy 85 jaar oud was en fisies kragteloos was om die berg te beset en die reuse te verjaag, het sy woorde steeds in ooreenstemming met God gebly, selfs al het almal die teenoorgestelde gesê."

(Vervolg vanaf Bl. 7 - Gee my dan nou....)

oortuiging kom waar ons kan sê: "Ek ken die karakter van God: Hy is nie 'n mens dat Hy kan lieg nie. Ek glo Sy beloftes ongeag wat alles om my vir my sê: ongeag my verstand, omstandighede, vriende. Ek kan God se beloftes glo want ek WEET God kan nie lieg nie."

Kaleb het 'n intieme verhouding met God gehad en daarom het hy God se karakter geken – hy het dus nooit aan God se beloftes getwyfel nie. Dis wanneer JY`n intieme verhouding met God het, Sy karakter ken, dat jy met vrymoedigheid Sy beloftes in jou hart neem en op jou lippe plaas, al lyk dinge om jou só verkeerd. Jy kyk dan weg van die berg, die reuse en jy sien God, en Sy Woord is vir jou die onomstootlike WAARHEID.

Ek weet jy het al baie gelees oor die woorde van jou mond en watter mag dit in jou lewe het, maar ons moet vir eens en vir altyd besef dat ons 'n keuse het i.v.m. die woorde van ons mond: Die oomblik wanneer ons woorde spreek wat nie saamstem met God se Woorde nie, is ons in ooreenstemming met die duiwel. Wanneer ons in ooreenstemming met God is, kan Hy in ons omstandighede werk.

Let op Kaleb. Alhoewel hy 85 jaar oud was en fisies kragteloos was om die berg te beset en die reuse te verjaag, het sy woorde steeds in ooreenstemming met God gebly, selfs al het almal die teenoorgestelde gesê. Hy het só gepraat toe hy 40 was en nooit van hierdie belydenis afgewyk nie en uiteindelik kon hy die berg Hebron sy eie maak.

Belydenis (confession) se betekenis is eenvoudig. Dis bloot om "dieselfde te sê." As jy genesing, voorspoed, vrede, vreugde, oorwinning, vrymaking of sukses wil ondervind, sê DIESELFDE AS WAT GOD sê. Bly by die Woord al is jy hoe swak en al het jy baie kere misluk. Volg Hom VOLKOME en jy gaan 'n VOLKOME oorwinning hê. Dis tog wat die beloftes van God sê, en wat vir Kaleb waar was, is vir JOU waar – God verander nooit! Sy beginsels verander nooit. Hulle is *ewige* beginsels. Hulle is die *enigste* beginsels waarvolgens jy sal oorwin, waarvolgens jy JOU berg sal kan beset en die reuse verdryf.

Jy kan ook soos Kaleb wees, afgesien van hoe oud jy is. 'n Christen kan nooit "aftree" nie. So baie mensies berei hulself, hul hele lewe lank voor vir hulle "aftree-tyd" (retirement): dan gaan hulle terugsit, ontspan. Dis baie gevaarlik. Party sê glad hulle LEWE om "af te tree." Ons beplan vir die dag wat ons niks gaan doen nie. Nee wat geliefdes, al is jy 85 of ouer, daar lê baie werk in God se oeslande voor en Hy gee mos NUWE KRAG. Die Bybel sê dat jy in jou ouderdom nog sal vrug dra Ps. 92:15, maar net as JY WIL! Jy kan steeds aktief bly vir die Here, produktief wees in die Koninkryk van God. Wanneer jy dan "aftree" van jou sekulêre werk, is dit "aantree" vir Jesus Christus. Jy kan steeds 'n Kaleb wees en berge beset en reuse verjaag en geweldig baie beteken vir jou medemens.

My skoonmoedertjie wat by ons ingewoon het en toe al oor die 80jaar was en 15 jaar vantevore gevorderde kanker gehad het, was `n ware Kaleb: ywerig vir die Here. SY HET OP HOM GEWAG en is volkome genees. Sy was vol GEDULD en het daagliks haar kragte omgeruil vir God se krag. Sò het sy snags ure lank gebid en ons arms by die Sentrum omhoog gehou – sò was sy medearbeider om berge te beset en die vyand te verdryf. Sy het verskeie administratiewe werkies vir die bediening gedoen en het geen gedagte aan "aftree" gehad nie! Laat haar voorbeeld vir ons ouer lesers `n bemoediging wees. Daar is sekerlik vir JOU, liewe Tannie en Oom, sò `n plekkie van aktief wees by jou kerk. Bied jou dienste by jou leier aan, hy sal sekerlik bly wees.

Ten slotte wil ek net sê dat hierdie voorbeeld wat Kaleb vir ons stel, sekerlik ook spreek tot ons omstandighede as burgers van hierdie mooi land, en veral tot ons wat lede is van die Liggaam van Christus, Sy Ewige Kerk. (Dit sluit elke wedergebore, Geesvervulde Kind van God in):

Ons het 'n berg in hierdie land: ons moet dit in besit neem. Geweld, rebellie – ons moet die reuse gaan verjaag en die vestings van die vyand omverwerp. Ons moet die land in besit neem vir Jesus Christus wat spoedig kom! Maar dit kan slegs gedoen word deur 'n Kerk wat ONVERDEELD die Here dien en volg, OP HOM WAG, Sy Krag ontvang i.p.v. ons eie, en Sy Woord in ons hart en op ons lippe het. Moenie kyk na jou jare nie, moenie kyk na jou omstandighede nie, maar, soos Kaleb intiem met God gewandel het, doen JY dit ook en jy sal JOU berg in besit neem en JOU vyande verdryf. Jy sal met ywer en moedigheid kan uitroep:

GEE MY DAN NOU HIERDIE BERGLAND …. _

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende

14de en 28ste Mei
11de en 25ste Junie

Genesingsdienste begin om 8.30vm.
Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om